



FISIOLOGIE AGB 278

52205 278

2013

**Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe
Universiteit Stellenbosch**

**FISIOLOGIE (AGB) 278
2013**

1. ALGEMEEN

Die Fisiologie (AGB) 278 module is 'n dienskursus vir BSc Fisioterapie, B Arbeidsterapie, en BSc Dieetkunde studente in hul tweede jaar. Die module dek al die fisiologiese sisteme in voldoende diepte om studente in staat te stel om:

- a) die liggaam se diverse funksies te begryp;
- b) die fisiologiese literatuur (handboeke ens.) sinvol te kan lees, en verstaan;
- c) addisionele toegepaste fisiologiese inligting te begryp en in konteks te kan plaas.

2. VOORGESKREWE HANDBOEK

Silverthorn, D. Human Physiology: An Integrated Approach (with IP-10), 5^{de} uitgawe, 2010, Pearson Benjamin Cummings. ISBN13:978-0-321-60061-5.

3. SAMEROEPER

Dr. Shantal Windvogel
Afdeling Geneeskundige Fisiologie, F511, 5de Vloer, Fisangebou,
Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.
Tel: 021 9389613
e-pos: shantalw@sun.ac.za

4. INHOUD

Die volgende onderwerpe word gedek:

Eerste semester	Beraamde aantal lesings
Selle en membrane	4
Spiere	9
Neurofisiologie	24
Respiratoriese stelsel	10
Kardiovaskulêre stelsel	10
Spysvertering	10
Tweede semester	Beraamde aantal lesings
Niere	9
Endokrinologie	15
Reproduksie	5
Hematologie	10
Immunologie	6
Totaal:	112

5. KONTAK BESONDERHEDE VAN DOSENTE

Dosent	Kantoor	E-pos
--------	---------	-------

Prof. Stefan du Plessis	F514	ssdp@sun.ac.za
Dr. John Lopes	F510	jlopes@sun.ac.za
Dr. Erna Marais	F508	et4@sun.ac.za
Prof. Hans Strijdom	F509	jgstr@sun.ac.za
Mnr Derick van Vuuren	F512	dvuuren@sun.ac.za
Dr. Shantal Windvogel	F511	shantalw@sun.ac.za

6. ROOSTER

- a) **Lesings** word tussen 12h00-12h45, op Maandae, Dinsdae, Donderdae, en Vrydae in die Hoofvoorlesingsaal (grondverdieping) van die Fisangebou aangebied vanaf:
15 Januarie – 28 Maart
8 April - 24 Mei
22 Julie - 6 September
16 September - 25 Oktober
Bywoning is verpligtend en studente word versoek om die klasregister te teken.
- b) **Praktika** vind plaas tussen 10h00 - 11h45 op die volgende dae:
Maandag 29/4
Maandag 13/5
Maandag 20/5
Bywoning is verpligtend en 'n rooster sal nader aan die aanvang van die praktika bekend gemaak word.

7. TOETSE

Daar sal 8 toetse wees, wat geslote boek toetse, sowel as oopboek toetse insluit.

- a) *Geslote boek toetse*
Die werk wat in geslote boek toetse getoets word, sluit alles in wat voltooi is sedert die vorige geslote boek toets, tot en met die dag net voor die toets.
- b) *Oopboek toetse*
Die werk wat in oopboek toetse getoets word, sluit alles in wat voltooi is sedert die vorige oopboek toets, tot en met die dag net voor die toets. Oopboek toetse sal gewoonlik 3 dae voor die assessering ingehandig moet word, uitgedeel word. Die voorleggingsdatum en tyd word in tabel 1 in hierdie dokument aangedui. Indien die antwoordstel nie voor die aangeduide datum (en tyd) ingehandig word nie, word 'n punt van nul vir daardie toets aan die kandidaat toegeken. Studente moet vir oopboek toetse voorberei, soos vir 'n geslote boek toets. Daar bestaan **GEEN** uitstel-toetse (van enige aard) vir die oopboek toetse nie.
- c) Die lokaalnommer vir toetse sal op die Fisiologie kennisgewingbord (buite die Hoofvoorlesingsaal in die Fisan gebou) bekend gemaak word.
- d) Toetsdatums en gewigsindelings

Tabel 1: Asseseringsgeleenthede vir berekening van die klaspunt.

Semester 1			
Asseserings geleentheid	Datum	Tyd	Gewig (uit 100)

1. Oopboek toets	Uitgedeel: Maandag 4/3 Sperdatum: Vrydag 8/3	13h00	5
2. Geslote boek toets	Maandag, 18 Maart	9h00-10h15	20
3. Oopboek toets	Uitgedeel: Maandag 15/4 Sperdatum: Vrydag 19/4	13h00	5
4. Geslote boek toets	Maandag 6/5	9h00-10h15	20
Semester 2			
5. Oopboek toets	Uitgedeel: Maandag 29/7 Sperdatum: Vrydag 2/8	13h00	5
6. Geslote boek toets	Maandag, 26 Augustus	9h00-10h15	20
7. Oopboek toets	Uitgedeel: Maandag 30/9 Sperdatum Vrydag 4/10	13h00	5
8. Geslote boek toets	Maandag, 14 Oktober	9h00-10h15	20

8. TOELATING TOT DIE EKSAMEN EN EKSAMEN DATUMS

- a) 'n Student sal nie toelating tot die eksamen kry, tensy hy of sy 'n klaspunt van minstens **40** verwerf het nie.
- b) Om vir die hereksamen te kwalifiseer, moet kandidate nadat hulle die eerste eksamengeleentheid geskryf het, 'n prestasiepunt van **40 – 49%** verwerf het.
- c) 'n Lys van studente wat vir die hereksamen kwalifiseer, sal op die Fisiologie kennisgewingsbord buite die Hoofvoorlesingsaal in die Fisan gebou geplaas word.
Die **voorlopige** datums vir die Finale eksamens is:
Eerste eksamengeleentheid: **Woensdag, 30 Oktober**
Herevaluering: **Donderdag, 21 November**

9. KLASPUNT EN PRESTASIEPUNT

- a) Klaspunt (uit 100) = Som van die 8 assesserings, relatief tot die gewigsindeling, volgens die tabel hierbo.
- b) Prestasiepunt = (Klaspunt + Eksamenpunt)/2
- c) Die enigste punte wat by die herevaluering behaal kan word is: 40%, 45% of 50%. Hierdie punt word die kandidaat se Prestasiepunt, maar sal nie laer wees as die Prestasiepunt wat in die eerste eksamen toegeken was nie (onderworpe aan par. 8.3.3.3 van die eksamen reëls in deel 1 van die 2012 Universiteit Stellenbosch Jaarboek).
- d) Die kandidaat **slaag** die module as die i) **Eksamenpunt 50% of meer is** of die ii) **Prestasiepunt 50% of meer is, mits die eksamenpunt nie minder as 40 is nie.**
Dr. Shantal Windvogel, 21 November 2012